

Vrydag 22 Desember

Skrifgedeelte: Markus 1:1-8 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Markus 1:8

Hy wat ná Johannes kom, doop met die Heilige Gees

“Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God, begin só,” sê Markus. Dan vertel hy van die lewe en werk van Jesus, wat die begin van ’n blye boodskap is wat deur die hele wêreld sou gaan.

Voor Hom was daar Johannes die Doper, wat die pad van die Gestuurde van God kom reguit maak het. (Mal. 3:1) Die waterdoop van Johannes het die pad oopgemaak vir die doop met die Heilige Gees waarmee Christus sou doop. Die waterdoop is die simbool van die afwassing van sondes. Die doop met die Heilige Gees is die voltooiing en bevestiging van die vergifnis van sondes. Dit kan alleen gebeur wanneer die langverwagte Christus gekom het.

In die tyd wat ons as Kersfees ken, het Hy in ons wêreld ingebreek. Hy wat kom red, die Verlosser, is die Een wat hierdie blye Boodskap bring. Hy sou die Heilige Gees bring vir en oor alle gelowiges, om van Jesus te vertel (Joël 2:28; Hand. 1:8). Die Heilige Gees laat ons ook die gebooie van God gehoor-saam (Eseg. 36:26).

Wie in Jesus Christus glo, het die Heilige Gees ontvang. Nou kan jy begin vertel van Jesus Christus aan wie ook al mag hoor. Soms stel ons die Heilige Gees teleur en is ons ongehoorsaam aan Hom. Die Heilige Gees is die Een wat ons wil troos, leer en lei. Hy is vir altyd met ons tot by ons dood, of tot by die wederkoms.

Glo jy in Jesus Christus? Dan is jy met die Heilige Gees gedoop.

Sing: Skrifberyming 12-3:2 4

Ds. JF (Koos) Mouton (Potchefstroom-Mooirivier)